
Volg my
fresh


Wie was die apostels?

Wanneer daar na die apostels/ dissipels in die Bybel verwys word, is dit dikwels na die twaalf wat Jesus gekies het.  Alhoewel Paulus na homself verwys as ‘n apostel en ‘n baie belangrike rol gespeel het, was hy nie deel van die amptelike apostels nie.

Hulle was:
Simon Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes, Filippus, Bartlomeus, Tomas, Matteus, Jakobus, Thaddeus, Simon, Judas – later vervang deur Mattias/ Levi

Jesus het hulle almal persoonlik gaan roep, geken en hulle was ooggetuies van Sy aardse bediening, opstanding en hemelvaart.



# APOSTEL

- Posisie van **hoë aansien**
- **Ambassadeur**
- **Amptelike** boodskapper
- **Persoonlik** deur Jesus gekontak en geken
- Getuies van Sy **openbare bediening,**
- Getuies van Sy **opstanding en hemelvaart**

In Matteus 10:1-2 word beide *mathetas* (dissipel) en *apostolon* (apostel) gebruik om na hierdie groep mans te verwys. Die titels was dus om die beurt gebruik, alhoewel elkeen iets verskillend in daardie tyd beteken het.

Kyk bietjie na die definisie van ‘n apostel wat hier bo gegee word. Apostel was ‘n amptelike titel vir ‘n persoon in ‘n amptelike posisie, waar dissipel meer algemeen na ‘n volgeling verwys het.

Alhoewel nie almal ‘n amptelike titel gehad het nie, was daar baie (veral na Jesus se hemelvaart) wat die belangrike werk gedoen het.

*Hoe voel jy oor sodanige titels?*
*Watter titels beklee jy tans en wat beteken dit persoonlik vir jou?* (Ma, Pa, CEO, COO, CFO, Mev, Mnr, Kleingroepleier…)



Wat kenmerkend van die dissipels was, was dat hulle onderlinge magstryde gehad het en gereeld ‘n wedywering gehad het oor wie die belangrikste of eerste is:

- Simon Petrus was vir seker bo aan die ranglys (*Hoe dink jy het die ander daaroor gevoel?*)
- Johannes en Jakobus was direkte familielede en het hul ma gebruik om voordeel te trek (*Hoe sou jy dit hanteer?)*
- Simon Petrus, Johannes en Jakobus was in Jesus se binnekring en dikwels gekies vir meer intieme vergaderings
- Judas Iskariot was onder op die ranglys (*Hoe dink jy het dit hom laat voel en dalk bygedra tot sy latere optrede?)*

Vandag nog het ons dikwels uiterlike en innerlike stryd om mag, aansien, raakgesien te word, eer te ontvang, status te kry, gesag te kan afdwing met ons kwalifikasies, geestelike lewe, geld, posisie. *Hoe sien jy dit uitspeel in jou onmiddellike omgewing?*

**Kom ons lees Lukas 9.**


LUKAS 9:1-6; 18-27; 46-62

Wat gebeur met ons wanneer ons outoriteit ontvang deur middel van ‘n nuwe rol, titel of posisie?

In kort, is dit dikwels ‘n vlug of veg reaksie. Jy kry mense wat reg is vir enige uitdaging en onmiddellik sal inspring, maak nie saak wat dit kos of vra nie. So ‘n persoon is ‘n idealis en sal veg vir enige saak. Hy/sy sal dit maak werk.

‘n Ander persoon kyk eers die kat uit nie boom uit en dink verskonings uit of probeer die nuwe rol inpas by ‘n ou leefstyl, kyk rond, maar is nie ten volle verbind tot die nuwe rol nie.

Ons sien dit ook in die dissipels se denkwyse en optrede.

*Hoe sien jy dit in Lukas 9 uitspeel?*

Lukas 9:1-6: Jesus gee vir hulle outoriteit. Hy vra dat hulle langer op een plek moet bly – waarskynlik om nie hul eie kop te volg nie, maar om gelei te word deur ‘n hoër gesag.

Lukas 9:18-27: Dit gaan nie oor die titel wat Jesus of die dissipels het en die dinge wat hulle moet en kan doen nie. Ware dissipelskap is om Jesus te verstaan en te ken en dit moet jou hart aangryp.

Lukas 9:46-50: Die dispels stry oor wie die belangrikste is en Jesus berispe hulle deur sommer ‘n kind nader te trek. Die kind is nie belangriker as hulle nie, maar daardeur probeer Jesus hulle wys dat dit die verkeerde vraag is, dat die magstryd binne-in ons verkeerd is. (Sien ook Matteus 18 se weergawe)

Lukas 9:54: Johannes en Jakobus wil met vuur veg en hul stempel afdruk. Jesus maak hulle stil.

Lukas 9:57:62: Volg jy dalk ook die Here met “waar U ookal gaan, wat dit ookal behels.”? Ek sal enige iets doen…

Lukas 9:57:62: Volg jy dalk ook die Here met “waar U ookal gaan, wat dit ookal behels.”? Ek sal enige iets doen… Dis nie ware volgelingskap, dissipelskap nie. In vers 58 sê Jesus juis wat dit behels en dat dit nie gaan oor alles wat jy doen nie, maar aanvaar jy die verlossing wat Hy gebring het, die outoriteit wat Hy het en die roeping wat Hy vir jou gegee het?

‘n Ander een wil eers sy pa gaan begrawe, sy familie gaan groet, sy besittings gaan verkoop. Dis dalk net verskonings om nog aan ‘n ou lewe, ‘n ou manier van doen vas te hou. Ons wil weer eens ‘n klomp dinge gaan doen, voordat ons onsself verbind en totaal oorgee aan die Here se outoriteit.

*Hoe sien jy hierdie verskillende reaksies in Lukas 9 in jou eie lewe uitspeel? Waar probeer jy nog self beheer neem?*

St Augustine se lewe het verander toe hy ‘n preek van Ambrose hoor en hy was vuur en vlam om Jesus te volg, maar hy was nog op daardie stadium in ‘n verkeerde verhouding vasgevang. Hy bid tot God: “*O Lord, please make me good… But not yet.” Wat beteken hierdie woorde in jou eie lewe? Wie of wat is jou eerste prioriteit? Is jy bereid om alles neer te lê vir jou eerste prioriteit?*

Daar is stappe tot ware dissipelskap, maar dis nie die stappe wat ons dink nie. As jy dalk ‘n pa of ‘n ma is, het daardie verantwoordelikheid en titel meteens opgedaag. Geen stappe vooraf kon jy voorberei of leer vir die rol nie. Die titel van ‘n vader maak jou nie ‘n vader nie – dis wanneer daar iets in jou hart gebeur, wat jy bereid is om jou prioriteite te verander en dit in elke fasset van jou lewe uitspeel.



# NUWE IDENTITEIT

Dit begin by ‘n **Nuwe Identiteit**.

Wanneer jy ‘n Christen is, moet jy ook ‘n dissipel wees – dis onlosmaaklik. Die ou is verby, die nuwe begin. Jou hele denkwyse moet verander. Jy kan nie meer na dinge kyk op die ou manier nie, jou hele menswees en uitkyk op die lewe moet verander.

Dan verander jou prioriteite. Jy kry **Nuwe Prioriteite.**

Besef jy dat absolute gehoorsaamheid nie voor absolute verbintenis kan gebeur nie? Wanneer ons probeer gehoorsaam wees (dinge doen of nie doen nie), raak ons gefrustreerd as dit nie werk nie, maar as jy absoluut aan die nuwe identiteit verbind, maak dit nie meer saak as jy foute maak of beheer verloor nie… Jy weet waar jou identiteit lê.




# NUWE PRIORITEITE

En derdens.  Die vrug van ware dissipelskap en volgelingskap van Jesus wys in **Nuwe Genade.** ‘n Nuwe manier van doen.  Jy sal geduldiger, meer gemoedelik, rustiger, vriendeliker, meer genadig en deernisvol wees.  Dis wat Jesus wou hê die dissipels moes hoor en beleef.

*Sukkel jy om gesag uit te oefen as Pa of Ma in die huis?*
*Sukkel jy om ‘n leier by die werk te wees?*
*Raak jy nog dikwels gefrustreerd met jou posisie of die rol wat jy het?*
*Probeer jy regtig hard om regverdig, minder aggressief en meer effektief te wees, maar kry dit nie reg nie?*

Leierskap en outoriteit begin met volgelingskap.  Lê jou wapens neer.  Aanvaar jou nuwe identiteit, verander jou prioriteite en dra die vrug van ware genade.



# NUWE GENADE





# GEBED

FILIPPENSE 4:6



**BID**:

- Here, dankie dat U die vuur en verdrukking namens ons aan die kruis verduur het sodat ons nou uit genade kan leef
- Help my om my eie-ek neer te lê en U outoriteit te aanvaar
- Help my om my prioriteite te verander en eerste dinge eerste te plaas
- Mag ek 'n meer gemoedelike pa, ma, bestuurder, leier wees

Amen.